Verwysing: 20200204-4056
Lêerno.: 3/3/3/1/P
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese Mensbestuurminuut: 0002/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale en Hoofde van opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Opleiding en inwerkingstelling van die Gehaltebeheerstelsel (GBS) vir skoolgebaseerde opvoeders

1. 'n Ooreenkoms oor die Gehaltebestuurstelsel (GBS) vir skoolgebaseerde opvoeders is gedurende 2019 as Kollektiewe Ooreenkoms 2 van 2014 by die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) gefinaliseer.

2. Die doel van die ooreenkoms is onder andere om doeltreffendheid van opvoeders, effektiwiteit en professionele aanspreeklikheid te verbeter.

3. Die GBS het die Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel (GGBS) gestroomlyn en 'n nuwe handelsmerk daaraan toegeken. Dit is gesamentlik deur die Departement van Basiese Onderwys en onderwysvakbonde in die RAVO ontwikkel om die prestasie van opvoeders ooreenkomstig hulle onderskeie rolle en verantwoordelikhede te meet.

4. 'n Bylae tot die kollektiewe ooreenkoms wat op 10 September 2019 onderteken is, meld dat:

4.1 Opleiding en kapasiteitsbou van alle gebruikers van die GBS vanaf Januarie tot Desember 2020 sal plaasvind; en

4.2 Volledige inwerkingstelling van die GBS in Januarie 2021 'n aanvang sal neem.

5. Alle skole moet gedurende 2020 voortgaan met die inwerkingstelling van die huidige GGBS soos ingelig deur RAVO Kollektiewe Ooreenkoms 8 van 2003.

6. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal amptenare met opleidingskundigheid en fasiliteringsvaardighede by Hoofkantoor en op distriksvlak benoem, asook

kringbestuurders om as GBS-fasiliteerders in die nasionale en provinsiale opleidingspanne te dien.

7. 'n Opleidingsrooster sal aan alle skole via hulle distrikskantore voorsien word en dit sal tussen April en September 2020 plaasvind.

8. Die GBS Kollektiewe Ooreenkoms en die bylae daartoe is op die RAVO-webtuiste beskikbaar en kan afgelaai word deur die skakels hieronder te gebruik:

8.1 GBS Kollektiewe Ooreenkoms:
https://www.elrc.org.za/sites/default/files/documents/CA%202%20of%202014-compressed.pdf

8.2 GBS bylae:
https://www.elrc.org.za/sites/default/files/documents/Addendum%20to%20CA%202%20of%202014.pdf

9. Neem asseblief kennis dat die GBS Kollektiewe Ooreenkoms nie op skoolgebaseerde onderwysterapeute en sielkundiges van toepassing is nie. Hierdie amptenare sal voortgaan om RAVO Kollektiewe Ooreenkoms 4 van 2005 tot verdere kennisgewing te gebruik.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2020-02-11